OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE VAN VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 3 MEI 2018 TE BRANDERSTRAAT, OESTERBAAI

TEENWOORDIG

Walter Kurten (WK) (Voorsitter)
Adriaan van Wyk (AvW)
Fanie Groenewald (FG)
Lana Pepler (LP)
Riekie Pienaar (RP)
Hettie Jooste (HJ)

1. OPENING Die Voorsitter open die vergadering en almal word welkom geheet en bedank vir hul teenwoordigheid.	
2. VERSKONINGS Joe Meyer en Otto Pepler.	
3. AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE Die notule van 30 November 2017 word aanvaar. Notule van 12 Januarie 2018 word aanvaar nadat een verandering aangebring is.	
4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE	
4.1 OMGEWINGSAKE Joe was in kontak met Victor Felton en het verneem dat die tenderproses weer begin is. Sodra dit goedgekeur word sal Joe na Oesterbaai toe kom om die werk te doen. Sien kommunikasie per e-pos van Joe af.	JM
4.2 WATERVOORSIENING HJ was in kommunikasie met Otto. Willie Oosthuizen sal Oesterbaai besoek. Al die boorgate is mooi omhein en gesluit. Pomp by Tunastraat boorgat is stukkend en moet vervang word aangesien 'n tweedehandse pomp daar ge-installeer was. Paulus se kontrak het versktryk. Die pos is nou weer adverteer. Paulus het nie aansoek gedoen nie. Dale is permanent in die posisie aangestel. Hy sal opleiding kry. Laaste 2 weke was daar 3 insidente waar mense nie water gehad nie. Dale kon nie help nie aangesien hy het nie 'n sleutel gehad het om by die pomp te kom nie. Die probleem is nou uitsorteer. HJ sal met Dianna Biggs opvolg rakende die betaling van die uitstaande rekening verskuldig aan Sakkie Steynberg vir die vervoer van die water gedurende Desember.	HJ
4.3 LEWENSREDDERS Lewensredders was weer aan diens tydens die paasvakansie.	
4.4 GEMEENSKAPSAAL AvW doen navraag oor breekskadefooi vir die uitverhuur van saal; 'n Klousule sal in kontrak bygevoeg moet word.	AvW

	AvW rapporteer die volgende: Frank Tamboer sal reël vir sny van die gras. Elektrisiteit is 'n probleem in Zolani se ou kantoor en die geyser werk nie. Riaan van Kouga Munisipaliteit sal gekontak word om evaluasie te doen en die werk te doen. OIV sal 'n brief aan hom skryf of op Link rapporteer. Skuifslot sal aan die binnekant van die voordeur aangebring word. AvW kry goedkeuring om gordynrelings vir kombuis aan te koop en op te sit. Daar is nie pakplek in kombuis nie en hy vra vir rakke en/of los kas vir die kombuis. Tee word weer bedien tydens die eredienste en AvW vra vir 'n yskas. LP noem dat daar 'n yskas beskikbaar is by Adriaan, maar dat dit eers herstel moet word. Avw sal dit opvolg. Kerke betaal R30 per diens. Biblioteek se gordynmateriaal is geskenk. Handwerkkamer word ingerig. Een van die toiletsitplekke in die manstoilette is stukkend en moet vervang word. Toestemming word gevra om "Dirt Trappers" te koop – AvW sal kwotasies kry. Installering van die alarmstelsel is afgehandel. Calibre Sekuriteit se mense sal per geleentheid behulpsaam wees met die oop- en toesluit van die saal.	AvW/WK AvW AvW
4.5	AFVALSTORTINGSTERREIN Die goeie diens wat Regina lewer by die tip word genoem en 'n poging sal aangewend word om haar permenent in dié posisie aangestel te kry.	LP
4.6	BRANDWEER Volgens Diana Biggs het die kontrakteur wat aangestel was nie voldoen aan vereistes nie en die projek sal weer uitgaan op tender	
4.7	**NOODPLAN** Nuwe noodplan word uitgedeel. LP sal opvolg met Lodewyk om as hoof-koördinasiebeampte op te tree. FG sal vertaal en kwotasies kry vir laminering. HJ sal bepaal hoeveel huise hier is sodat elke huishouding 'n kopie kan kry.	LP FG HJ
4.8	**PAAIE**	
4.8.1	**PARKERING/VOERTUIE** HJ noem dat van die pale by die strandparkering uitgehaal is en daar is voertuigspore. HJ sal met Herman Stoffberg opvolg. HJ sal dit ook met JM bespreek.	HJ
4.8.2	**SYPAADJIES** Toegegroeide sypaaidjies is op Link gerapporteer. HJ vra of dit haalbaar is om 'n eenmalige poging aan te wend en al die sypaadjies te laat skoonmaak deur 'n handlanger of tuindienste en dat OIV belê in petrol kantsnyer vir dié doel en vir gereelde instandhouding. AvW sal opvolg met Frank Tamboer oor sypaaidjies en ook opvolg met epos. Die groep mense wat verantwoordelik is vir die strate en tuine het nie toerusting vir hierdie werk nie. AvW sal FT uitnooi na Oesterbaai. LP versoek dat Ken Carter gevra word om die pale op sy sypaadjie met reflectors te merk aangesien dit snags nie sigbaar is nie en dus redelik gevaarlik is.	AvW HJ

4.9	**KOMMUNIKASIE/NUUSBRIEWE** HJ word bedank vir die nuusbrief. HJ vra dat daar meer relevante sake in die volgende nuusbrief geplaas word.	Almal
4.10	**UMZAMOWETHU** AvW rapporteer die volgende: Daar was 2 kliniekbesoeke; Sr Carmien sal met AvW ontmoet. Die Rainmakers het op 1 Mei hul plaaslike afsluiting gehad. Die groepvoordrag sal op 23 Mei plaasvind en die finaliste sal op 30 Mei aangekondig word. Die eerste konseptuin is by Debbie Malan se huis gevestig as deel van Umzamo groepaktwiteite. Opgradering van die swak sosiale situasie in Umzamowethu is in die IDP opgeneem.	
4.11	**KERSMARK** HJ vra of daar weer 'n projek – dalk pette/hoedjies – aangepak gaan word. HJ sal voorbeelde kry. Almal sal uitvind. Voorlopige datum 19 Desember.	
4.12	**FINANSIES** HJ rapporteer die huidige stand van die finansies: Tjekrekening: R33 440 Beleggingsrekening: R53 717	HJ
4.13	**STRANDDIENSAKSIE** FG het sy terugvoering rakende die Desember 2017 stranddiensspan aan Moreleta gestuur en positiewe terugvoering ontvang asook bevestiging dat die span weer gedurende Desember Oesterbaai toe kom. Hul dienste gaan na die groter gemeenskap uitgebrei word. Moreleta het al die oorskot materiaal van kunsprojekte aan Umzamowethu geskenk. Hulle sal moontlik weer pannekoek maak. FG vra dat hulle hom kontak.	
4.14	**KLANKSTELSEL** HJ het met Herman en Choppie gesels oor die aankoop van 'n klankstelsel. Choppie het aangebied dat die OIV sy stelsel gebruik. 'n Soortgelyke stelsel kan by Cash Crusaders aangekoop word teen ±R 2000. HJ sal opvolg.	HJ
4.15	**BRIEF VAN BOTHA GESIN** Geen reaksie ontvang na epos aan KM. Paadjie is skoongemaak op OIV se onkoste. Botha gesin het donasie belowe – HJ sal opvolg.	HJ
4.16	**NOTULE AJV** LP moet dit afhandel.	LP
5.	**NUWE SAKE**	
5.1	**BIBLIOTEEK** HJ noem dat die biblioteek 'n privaatinitiatief is wat Lida Jacobs begin het en Bettie Steenkamp nou hanteer. Daar is 'n behoefde aan ekstra rakke aangesien dit oorvol is. AvW bied aan om te help met uitsorteer van ou boeke.	AvW

5.2 IDP 'n Skriftelike voorlegging is aan Diana Biggs en Victor Felton gemaak. Die IDP vergadering is gekanselleer weens die Raadslid wat nie die voorgeskrewe afkondiging in die Dorp gereël het nie. OIV sal 'n amptelike brief skryf en klagte lê oor Raadslid Zolani Mojoni. **5.3 VERKOSE RAADSLID** Daar sal 'n skriftelike klagte gelê word. Brief sal deur WK, FG en HJ geformuleer word. **6. VOLGENDE VERGADERING** Datum sal gekommunikeer word. **7. AFSLUITING** Die Voorsitter bedank almal vir hul bydraes en die vergadering verdaag.	WK,HJ,FG

NOTULE AS KORREK AANVAAR EN GOEDGEKEUR.

……	**……**
V0OORSITTER	**SEKRETARESSE**
WJ KURTEN	**H C JOOSTE**

DATUM/DATE: ……